Ned. Geref. Kerk Kuilsrivier-De Eike

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
7579 Webwerf : www.ngkeike.co.za
http://www.facebook.com/pages/De-Eike-Gemeente-FB/199958340046137

Leraars: Ds. H Burger Ds. C Barnardo Ds. J Morkel Ds. J Viljoen
☎ 021 903 1798 021 982 7076 021 903 6654 084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Anien Heydenrych	☎ 074 496 6519
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h) of 021 981 5522 (w)

Verlede week se erediensbywoning

Oggenddiens: 185
Kinderkerk: 0 **Totaal : 185 van 1727 (10.71%)**
Aanddiens: 0

23 Julie 2017

Sewende Sondag in Koninkrykstyd

09:30 Oggenddiens
Deurkollekte ten bate van gemeente se eie fondse

Erediensspan 1 – Derick du Toit

Geen Aanddiens

WEEK SE PROGRAM

Gebedsonderwerp vir die week:

Leerkragte en leerders

Leesroostertekse vir die week

Matt 13:31-33, 44-52; Gen 29:15-28; Ps 105:1-11; Ps 128; Rom 8:26-39

Datum	Tyd	Wie / Wat	Besonderhede
Maandag		SKOLE HEROPEN	
	19:30	Vroue Bybelstudie kleingroep	Byeenkoms in Moederskamer
24-Jul	19:30	Sportmanne	Bybelstudie byeenkoms in konsistorie
Dinsdag	Geen	Senior Burgers	Geen byeenkoms
25-Jul	19:00	Kerkkoor	Oefening in kerk
	19:00	Dinsdag Mannegroep	Kleingroepbyeenkoms in konsistorie
Woensdag	9:30	Vrouelidmate	Bybelstudiebyeenkoms in die Moederskamer
26-Jul	18:30	Diensverhoudinge kommissie	Vergadering in Moederskamer
Donderdag	9:30	Dienssentrum vir Seniors	Byeenkoms by Moedergemeente se kerksaal Missing Children: Organisasie betrokke wanneer kinders verdwyn
27-Jul		Sopkombuis	Hanlie Botes, Abbie Marais, Magdaleen Voigt, Jo Geyer, Tillie van Tonder, Elba Fourie
	19:00	Voogde	Vergadering van belydenisklas se voogde - konsistorie
	19:00	Uitvoerende Kommissie	Vergadering in Moederskamer
Vrydag	9:30	Gebedsgeleentheid	Alle lidmate word genooi om te deel in die weeklikse geleentheid in die Moederskamer
28-Jul			

VOLGENDE SONDAG SE PROGRAM – 30 Julie 2017	
09:30 Oggenddiens - GESINSDIENS **Deuroffer ten bate van Paarl-skool** **Erediensspan 2 – Charl van Zyl**	**18:00 Aanddiens** **Senior kategese na afloop van die aanddiens**

Nuwe Lidmate

1. Welkom aan alle nuwe De Eike lidmate – skryf gerus u naam in die *Nuwe Intrekkers Registers* by die deure.
2. Die volgende lidmate se lidmaatskapsertifikate is ontvang:
   -

Verjaarsdae vir die week

23/07 Henty Wickens, Michelle Andrews, Wilma Matthee, Dirk Brink, Pannie Engelbrecht, Estelle van der Westhuizen, Janneke Botha
24/07 Marésa Rix
25/07 Cassie Carstens, Lize Coetsee, Jacques Wilders, Lulu Fourie, Stanley Hill, Eddie Theron, Loamie Olivier
26/07 Gert Botha, Ruben van der Merwe, Bennie Scheidegger, Theresa Swart, Juanita van Aswegen
27/07 Carlo Hill, Zandri Smith, Betsie Heyns, Morné de Wet, Liza MacArthur, Elsa Welman, Mark van Schalkwyk, Nadia Hanekom, Suzelle Nimmo, Amanda Kaltwasser
28/07 Pieter Carstens, Johan Volschenk, Bokkie Geyer, Cecil Stander
29/07 Nico Nel, Susan Blanché, Dawie Steenkamp, Sarel Esterhuysen, Michelle Smuts, Gerhard van Zyl, André Geyer, Natasha Geyer

Danksegging en Voorbidding

1. Martie Cothill (Othello Aftree-oord) was in die hospitaal.
2. Danie Campher (Kokerboom straat 46) se broer is oorlede.
3. Tannie Maria van Rensburg (Brackenfell) is baie swak. Bid asb vir haar.
4. Nic Marais (Grayling str 8) is in die hospitaal opgeneem.

Van alles en nog wat

1. Versoeke vir **gebedsvoorbidding** kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate : Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820)
2. **Liedere Versoek-boek:** indien daar ’n spesiale lied is wat jy graag wil versoek deur die gemeente gesing moet word, skryf dit gerus in die versoek-boek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. **Die Mediasentrum** is elke Sondag na die erediens oop, gedurende die skoolkwartale.
4. Ons is nog steeds op soek **na ou tydskrifte** om te versprei na minderbevoorregtes. Bring gerus na die kerkkantoor. **Enige ou klere** – somer sowel as winterklere – is ook welkom, sowel as beddegoed, handdoeke, gordyne, ens.
5. **Sopkombuis:** Lidmate wat graag ’n brood vir die sopkombuis wil skenk, kan dit in die mandjies by die deure plaas of na die kerkkantoor neem.
6. Daar is **gratis Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels** by die kerkkantoor beskikbaar wat lidmate kan skenk aan iemand wat nie ’n Bybel het nie. Ons dink veral aan huis- en tuinwerkers, petroljoggies, ens.
7. Lizette Wilson neem vandag waar as orrelis.

KV skryf

Die Kommissie vir Vrouelidmate
(voorheen bekend as Vrouediens)

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Waar ook al die Woord van God verkondig suiwer verkondig word, dáár bestaan die kerk van Christus, al is dit ‘n gemeenskap vol foute.
Johannes Calvyn (1509-1564)

HUIS SONOP

Baie dankie aan almal wat reeds pakkies bygedra het. Daar word nog ongeveer 12 pakkies benodig.

Die items wat in die pakkie met wees, is soos volg:
1 blikkie koffie (100gr); 1 pakkie tee (26 sakkies); 1 pakkie suiker (500gr); 1 pakkie Lemon Creams;
1 buisie tandepasta (50ml); 1 sepie (100gr); 2 x R5-stukke.

Pakkies kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

DE EIKE KOSKAS

Die koskas waaruit behoefte lidmate en gesin in ons gemeente kospakkies ontvang, **is tans baie leeg.** Bydraes van enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens. is dringend nodig om dié lidmate te kan help. Enige bydrae kan in die mandjies by die deure geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

ONDERSTEUNINGSGROEP VIR OUERS VAN KINDERS MET DEPRESSIE EN ANGS SADAG (South African Depression and Anxiety Group)

Ons wil graag die ouers van kinders (ongeag ouderdom) wat ly aan Depressie en Angs uitnooi om 'n ondersteuningsgroep by te woon by die NGK Kuilsrivier (Gebedskamer) op **Donderdag 27 Julie** om 19:00.
Die byeenkomste sal elke laaste Donderdag van die maand geskied.
Enigiemand is welkom - selfs mense uit Brackenfell, Eersterivier, Bellville en omliggende dele.

Belangstellendes kan navrae stuur
aan: karinbursey@gmail.com of hnfouche@gmail.com

As u van enigiemand weet wat hieruit sal baat vind, laat hulle gerus weet.

KOMMUNIKASIE IN DE EIKE

Die Kommunikasie Taakspan vorder fluks met hul planne vir beter kommunikasie in ons gemeente. Die nuwe webwerf sal een van die dae lewendig wees. Hulle beoog ook om gereeld ‘n nuusbrief uit te gee wat per e-pos aan lidmate gestuur kan word.

Ten einde soveel as moontlik lidmate te kan bereik, moet ons oor die e-posadresse van lidmate beskik. Stuur dus asb jou e-pos adres na info@ngkeike.co.za, selfs al dink jy ons het reeds jou adres.

DAMESKRING (‘n organisasie onder die FAK-sambreel wat haar beywer vir Afrikaans, Afrikaanse kultuur en ons jeug se Christelike opvoeding) samel fondse in vir die volgende projekte: finansiële bystand te verleen vir **STUDIEBEURSE VIR AFRIKAANSE STUDENTE,** 'n bydrae vir 'n **nasionale boekprojek** "Waardes vir woelwaters" wat reeds sy derde oplaag beleef asook die groot **ENGELE-projek** om finansieelgestremde hoërskoolleerders (wat geïdentifiseer is) finansieel by te staan om hul skoolopleiding te voltooi.

Een so ‘n fondsinsamelingprojek is ‘n groot konsertaand met **JAK DE PRIESTER** op 18 Augustus 2017 in die skoolsaal van Hoërskool Brackenfell. Koffie, muskadel en eetgoedjies sal beskikbaar wees. Jak de Priester sal ook sy eie CD's daar verkoop. Daar is veilige parkering en die saal is rolstoelvriendelik. Kaartjies is **R120** en by **Computicket beskikbaar.**

KLUB VIR SENIORS

Ons wil graag ‘n klub vir Senior Burgers stig. Ons afskopgeleentheid is 30 Julie 2017 na die oggenddiens.

Ons nooi alle senior burgers na dié geleentheid.

LENTE TEE

NG Kerk Kuilsrivier Digtebij bied aan ‘n heerlike LENTE TEE as fondsinsameling vir hul gemeente. Die gasspreker/sanger is ds. Marius Falck van Melkbosstrand gemeente.

Wanneer: Saterdag 9 September 2017 om 10:00

Waar: Kerksaal van NGK Kuilsrivier-De Eike

Koste: R100 per person

Kaartjies is beskikbaar by Digtebij se kerkkantoor (021 903 1564) of by Monica Henstock (021 938 6242).

KLEREBANK

Ons wil graag baie dankie sê aan al ons lidmate wat so mildelik bygedra het aan kos en klere vir die mense van Knysna na die onlangse brande.

Daar is egter plaaslik ook steeds groot nood en **ons benodig veral wintersklere**. Bring gerus na die kerkkantoor.

Preekskets – 23 Julie 2017

PREDIKER: DS CHRIS BARNARDO

TEMA: HOE LYK TEKENS VAN WARE KERKWEES?

Skriflesing: 2 Kor. 3:5 en 2 Kor. 4:5

Liedere:

Loflied : Lied 202:1 en 2
Verootmoediging : Lied 577:1
Uitstuurlied : Lied 523:1

1. **Inleiding**. Advertensieborde buite baie kerkgeboue blyk die "in-ding" te wees. Dit vertel wie die gemeente is. Tekens op borde waarmee gemeentes hulself "bemark". Maar dit is eerder tekens binne 'n gemeente wat die ware deurslag moet gee. Paulus verwys na sekere tekens wanneer ons vanoggend se Skriflesing van nader beskou. Wanneer ons vanoggend hierdie tekens van werklik kerkwees bespreek wil ek twee vrae vra:

   Waar staan ons gemeente in hierdie verband? En, wat doen ek om hierdie teken 'n werklikheid in ons gemeente maak?

   Die eerste tekens van werklik kerkwees is:

2. **Aangedryf deur die Heilige Gees**. 2Kor3:5Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, 6wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.

3. **Die kerk se handelsmerk is liefde.** Die liefde waarna ons vanoggend verwys is 'n keuse en NIE 'n emosie nie. Dit beteken om vir almal net die beste toe te wens omrede ons net die beste van |Jesus ontvang het.

4. **Die boodskap is Jesus**. 2Kor5Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus.

5. **Die tekens van werklik kerkwees is so maklik sigbaar.** Ware kerkwees word aangedryf deur die Heilige Gees, sy handelsmerk is liefde en die Meester is Jesus. Is dit sigbaar in hierdie kerkbanke, in ons kinderkerk, in ons huise, by ons werk?